# Geld vir Niks
## ‘n Ware verhaal

George Kolbe
Hoof van Besigheidsontwikkeling: Beleggingsprodukte

Die krag van saamgestelde rente is die doeltreffendste manier om jou aftrede te finansier

Ek het onlangs ‘n e-pos boodskap van een van ons takbestuurders, Chris Roux, ontvang wat die krag van spaar demonstreer. Dit is soms moeilik om by te bly met jou aftreespaarpoging, veral te midde van slegte tye, maar hierdie werklike voorbeeld van ‘n Liberty-kliënt se aftreevoordeel sal u hopelik motiveer om aan te hou spaar.

In Mei 1980 het hierdie kliënt ‘n annuïteit vir R50 per maand uitgeneem. Deur die jare het hy nie sy premies verhoog nie: toe hy verlede maand (Februarie 2011) aftree, het hy ‘n totaal van R18 500 aan premies betaal.

Die aftreewaarde was egter ‘n imposante R645 084. Dit weerspieel ‘n opbrengs van 18.39% per jaar! Net 3% van hierdie waarde het van die premies gekom: die res is suiwer groei. Geld vir Niks.

Wanneer jy die belastingvoordeel van ‘n aftree-annuïteit oorweeg, was sy werklike premies slegs R12 950, aangesien hy die res as ‘n belastingkorting sou ontvang het.

| | | |
|---|---|---|
| Maandelikse premie | | R50 |
| Totaal van premies oor 31 jaar betaal | R18 500 | |
| Minus belastingtkortings op premies | -R5 550 | R12 950 |
| **Waarde van polis by aftrede** | | **R645 084** |

So ‘n relatief klein bedrag geld wat elke maand gespaar word, het aan die polishouer ‘n werklike finansiële hupstoot in sy aftreejare gegee.

Nie net vertel die verhaal van saamgestelde groei nie, maar ook van die voordele van ‘n aftree-annuïteit as ‘n besparingswerktuig. Dit maak eerstens voorsiening vir ‘n belastingkorting en tweedens skep dit ‘n gedwonge spaarpoging wat toelaat dat jou geld groei.

Hoewel hierdie spesifieke polishouer voordeel getrek het uit ‘n tydperk van besonder sterk mark-opbrengste, sal jou premie-totaal selfs in ‘n lae-opbrengs omgewing slegs ‘n klein persentasie van jou finale aftreewaarde uitmaak indien jy vir 25 jaar spaar. Langtermynspaar is die enigste manier waarop ‘n mens gerieflik sal kan aftree.

Aftreespaargeld is ‘n weerstand-aankoop. Ons moet vandag se besteding uitstel ten gunste van ‘n toekoms wat ons onsself baie moeilik kan voorstel. Maar, soos die voorbeeld aandui, oorheers die voordeel van spaar loshande die korrttermyn genot van geld wat vandag bestee word.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*